



Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.villiersdorpko-op.co.za

NUUSBRIEF -AUGUSTUS 2015

Die wintermaande is amper verby en ons was maar bekommerd oor die min reën wat geval het. Die tweede helfte van Julie het daar egter goeie reën oor ons hele bedieningsgebied uitgesak waarvoor ons baie dankbaar is en daarmee saam is die koue ook behoorlik nou met ons.

Die winter skoolvakansie is ook verby en is al die handelstakke weer volstoom besig. Ons het die stilte van die skoolvakansie gebruik om die ou stokery op Villierdorp af te takel. Die meeste van ons lede het seker die hoë kapasiteit hyskraan opgemerk wat aangewend is om die stokery van bo af stukkie vir stukkie en baie versigtig af te breek. Vir interessantheid, die hyskraan het die vermoë om 180 ton op te tel. Die "hyser arm" kan ook 45 meter in die lug uitstoot. Voorwaar 'n stuk masjienerie om te aanskou. Die stokery is nou afgebreek tot op murasie vlak waar ons nou met ingenieurs gaan beplan om 'n dakstruktuur op te sit wat veilig is vir die toekoms en dan wil ons die handelstak uitbrei in die area in. Die oppervlakte wat hier gewen word is ongeveer 500m². Die addisionele vloerspasie sal die druk baie verlig op die tak.

Hier is 'n paar fotos om die werk wat gedoen is by die stokery te illustreer.

Die hyskraan in werking



"Ring Beams" word afgehaal. Die sement "beams" het elk ongeveer 11 ton geweeg en het ten doel gehad om die indamporing te dra.



Ons wil so spoedig moontlik met die heropbou begin en miskien nog voor die einde van die jaar klaar wees met die uitbreiding by Villiersdorp handelstak.

Die stukkie dorpsmeent op Greyton bekend as Dorian Square is uiteindelik by die Theewaterskloof Munisipaliteit gehuur vir 10 jaar met die opsie om te hernu. Dit gaan benut word as 'n yard area vir die opberging van tipiese produkte wat nie onderdak gehou hoef te word nie soos lintels en pale. Die erf word tans omhein met 'n vabacrete muur.

Die argitek is ook besig met die optrek van planne by ons Vyeboom tak vir die addisionele stoor waarin Terason gehuisves sal word sodat ons die tak vloerspasie kan vergroot.

Die verskuiwing van die vulstasie het nog nie die gewenste momentum nie. Die moontlikhede word egter van alle kante ondersoek en sal ons eersdaags met meer inligting na die lede toe kan terugvoer gee.

Vilko is ook trots om betrokke te wees as borg by die Hoërskool De Villiers Graaf se "Ysterhans" musiekfees wat gaan plaasvind vanaf 19 Augustus 2015 tot 22 Augustus 2015. Hier oorhandig die Voorsitter van Vilko se direksie, Mnr Timo le Roux 'n tjek aan Mev Gesina Loubsher, Skoolhoof van Hoërskool De Villiers Graaf. By hulle staan Mnr Johan Smith onderwyser en organiseerder van die Ysterhans Musiekfees, Ds Franken Voorsitter van die Beheerliggaam en Ben Klindt, Bestuurder van Vilko. Dit was nog altyd vir Vilko 'n voorreg om terug te ploeg in die gemeenskappe waar ons betrokke is en is dit ons wens dat die musiekfees 'n groot sukses sal wees en wil ons graag ons lede en kliënte aanmoedig om die skool te ondersteun met die bywoning van die musiekfees. Ons heg graan hierby ook aan die program vir u gerief.



KOÖPERASIE GROETE AAN ALMAL